

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 10

> *Koning Salomo het al die konings van die aarde oortref in rykdom en wysheid. (vers 23)*

Salomo laat my met gemengde gevoelens. Aan die een kant was hy die briljante, wys en skatryk koning wat alombekend was in die

destydse wêreld, en belangrike figure van oral-oor getrek het met sy buitengewone wysheid en rykdom. Iets van sy liefde vir die Here is ook duidelik uit die koningin van Skeba se reaksie tydens haar besoek (vers 9). Sy aangrypende gebed met die inwyding van die tempel vertel ook daarvan (1 Kon 8). In dié opsig sien ons in hom hoe God se beloftes (1 Kon 3:12-13) waar geword het.

Aan die ander kant wys Salomo so duidelik dat dit sterk bene kos om rykdom en roem te dra. Hy het dit nie gehad nie. Sy roem en rykdom het kop toe gegaan. Hy gaan oorboord met uitspattige versierings, soos die goue skilde en ivoor- en goue troon (vers 16-20), alles net om indruk te maak. En ’n mens wonder waarom hy so ’n magtige klomp perde op stal gehad het (vers 26). Deut 17:16 het dit immers uitdruklik verbied.

God se seëninge lei nie noodwendig tot godsvrug vir dié wat dit ontvang nie. Daarvoor is nederigheid en beskeidenheid nodig (Rom 12:3).

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 9

> *Toe Hiram hierdie stede wat Salomo aan hom oorgedra het, uit Tirus gaan besigtig, was hy teleurgestel … (vers 12)*

Die ware Salomo begin hier al meer deurskemer. Nie net is die Here se belofte oor die tempel baie meer genuanseerd as wat ’n mens sou verwag nie (kyk na die uitgebreide waarskuwing in vers 6-9), maar ook Salomo se sake-etiek maak mens ongemaklik. Tot nou toe het ons slegs gelees van hout en vakmanne wat Hiram gelewer het, maar nou kom goud ook by (vers11). Klaarblyklik het Salomo se bouprogram die staatskas leeggetap en moes hy geld by koning Hiram leen om daarvoor te betaal. Om die lening af te los, gee hy vir Hiram ’n minderwaardige gebied (vers 13). By al sy rykdom was Salomo blykbaar nog ’n vrek ook.
Spr 22:1 sê: “’n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud.” Dit is iets wat Salomo nie verstaan het nie, en baie gelowiges vandag steeds nie. Ek en jy dra as Christene boonop die Naam van Christus oor ons lewe, en wat ons doen of nalaat, reflekteer op Hom. Sal ons Christus se Naam bevlek vir ’n paar rand se skelm wins?



Hoofstuk van die dag: 1 Konings 8

Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het! (vers 27)

Hierdie hoofstuk is sentraal in Israel se teologie. God is teenwoordig onder sy mense, maar Hy is ook in die hemel, want ’n gebou, hoe spoggerig ook al, kan tog nie die groot God van hemel en aarde huisves nie (vers 27). Daarom bid Salomo om gebedsverhoring vir hulle wat in die tempel, of in die rigting van die tempel, hulle bedes tot God rig, en vra hy dat God vanuit die hemel dié gebede sal hoor (vers 30 e.a.).
Uit wat Salomo bid, is dit duidelik dat die tempel as ’n huis van gebed gesien is. Jesus het ook daarna verwys in Mark 11:17 (vgl Jes 56:7). En dan nie net vir Israel nie. Salomo sluit alle volke by sy gebed in (vers 41-43). Dis merkwaardig, veral as ’n mens in ag neem dat die tempel dié simbool van Israel se uitverkore bestaan as volk van God was.
God is meer as die tempel. Hy is vandag ook steeds meer as die kerk. Ons mag Hom nie eksklusief vir ons opeis nie. Daarvoor is Hy te groot.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 7

> *Aan sy paleis het Salomo dertien jaar gebou voor hy heeltemal klaar was daarmee. (vers 1)*

Hoewel die skrywer heelwat minder oor Salomo se paleis te sê het as wat hy oor die tempel berig het, begin hy sy beskrywing met die feit dat hy byna dubbeld soveel tyd aan die paleis se bou bestee het as aan die tempel se oprigting (wat sewe jaar geduur het, sien 1 Kon 6:38).
Dit lyk of die skrywer vir ons tussen die lyne wil laat verstaan dat Salomo se fokus van die Here na homself verskuif het. Teenoor die tempel is die paleis ’n reuseplek, waarmee hy wou sê hoe belangrik en ryk hy is. In die proses het hy sy mense swaar belas en feitlik as slawe behandel. Op die lange duur het dit die volk se sentiment teen hom gedraai, soos 1 Kon 12 wys.
Paulus skryf in 1 Kor 13 aangrypend oor die belangrikheid van prioriteite. Al die gawes en kennis (waarvan Salomo in oorvloed gehad het) verdof as jou fokus op jouself is (1 Kor 13:1-3); as jou liefde vir God moet plek maak vir liefde vir jou eie begeertes en ideale. Só word selfs die wysste man op aarde ’n dwaas in God se oë (Luk 12:16-21).



Hoofstuk van dieodieo8 dag: 1 Konings 6

Ek sal tussen die Israeliete woon, Ek sal my volk Israel nie verlaat nie. (vers 13)

Van altyd af was groot bouprojekte bedoel om vir die bouer(s) naam te maak. Dink maar aan die toring van Babel (Gen 11:4). Dit was waarskynlik een van die motiewe van Salomo met die bou van die tempel. Interessant genoeg, wanneer die skrywer van 1 Konings Salomo se nalatenskap weergee, is dit nie die tempel wat vir hom voorop gestaan het nie, maar sy wysheid (1 Kon 4:29-34). Selfs in hoofstuk 6, waar die skrywer ons breedvoerig inlig oor hoe die tempel gelyk het, relativeer hy die tempel deur ’n woord van die Here midde-in sy ellelange relaas oor die bouwerk (vers 11-13). Want in God se oë is die tempel nie die belangrikste saak nie, maar gehoorsaamheid (vers 12). Daarsonder sal die seën van die Here ook verdwyn. As hy hom egter hou aan die Here se bepalings, vereistes en voorskrifte, sal God tussen hulle woon (vers 13).
Ons weet dat dit nie gebeur het nie. Die tempel is uiteindelik met die grond gelyk gemaak (2 Kon 25:8 e.v.). Maar God het tóg sy belofte gehou en in Jesus onder sy mense kom woon (Joh 1:14; vgl Matt 1:23 en 28:20).



Hoofstuk van die dag: 1 Konings 5

> *Ek sal ook aan u die loon betaal wat u vir u arbeiders vasstel … (vers 6)*

As jy begin somme maak oor wat die tempel gekos het, draai jou kop. Só ’n duur tempel sou nie vandag moontlik wees nie. Maar Salomo het geen onkoste en moeite ontsien nie. Net die beste was vir hom goed genoeg. Hy gee aan Hiram ’n blanko tjek (en het uiteindelik meer moes betaal as waarop hy gereken het). Derduisende mense is in diens geneem (en gedwing) om die tempel te bou.
Uiteindelik was die tempel ’n fantastiese kunswerk, asembenemend grandioos, soos baie kerke wat oor die eeue opgerig is. En God seën die tempel met sy teenwoordigheid (1 Kon 8:10-11).
Dit behoort vandag nog so te wees – wanneer dit by die glorie van God kom, mag ons nie kompromieë maak nie. Niks minder as ons beste is goed genoeg nie. Dit verduidelik die Here Jesus vir ons met sy woorde aan die ryk jongman (Matt 19:21), en met die gelykenis van die waardevolle pêrel, waar die handelaar

alles wat hy het, gegee het (Matt 13:46; sien ook Luk 14:33). Die ding is, in sy handelinge met ons het God niks teruggehou nie. Hy het sy enigste gegee (Joh 3:16).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026